HOËRSKOOL UPINGTON

JAARVERSLAG 2012

Waar 2012 besig is om einde se kant toe te staan, wil ons graag van dié geleentheid gebruik om terug te kyk op die aktiwiteite van die afgelope jaar.

1. PERSONEEL

Ten spyte van ’n baie bedrywige jaar met ’n paar veranderinge op die personeel front kan ons met dankbaarheid sê dat dié jaar ’n mooi jaar vir ons skool se personeel was.

Verskeie nuwe personeellede sluit by ons aan gedurende 2012 nl., mevv. L. van der Merwe, C. Esterhuizen en me. L. Booysen. Me. C. Janse van Rensburg het ons aan die einde van die tweede kwartaal verlaat om 'n pos in Postmasburg te aanvaar. Mev. L Janse van Rensburg, wat vir baie jare die skool se finansies so knap hanteer het, het ons ook aan die einde van die tweede kwartaal verlaat en me. L. Pieters is in haar plek aangestel.

Ons, as personeel, dink ook aan verskeie van ons kollegas, asook ons leerlinge, wat in dié jaar naasbestaandes aan die dood moes afstaan.

Verskeie persone het gedurende die jaar by die skool gehelp in verskillende hoedanighede. Ons wil dié persone hartlik bedank vir hulle mooi gesindheid en hul bereidwilligheid om te help.

2. EKSAMENUITSLAE

Soos in die verlede is baie goeie uitslae behaal.

2.1 Nasionale Senior Sertifikaat - 2011

Ons behaal weereens ’n 100% slaagsyfer in bogenoemde eksamen.

2.2 Grade 8 - 11

Die gemiddelde slaagpersentasie vir al dié grade was 97,2%. Hierdie standaard word al oor baie jare volgehou.

3. BEHEERLIGGAAM

Die Suid–Afrikaanse Skolewet van 1999 vereis dat elke staatskool ’n skoolbeheerliggaam (SBL) moet hê. Die SBL van elke staatskool is die reg gegee om beheer oor die skool uit te oefen.

Tydens die SBL verkiesing wat gehou is in Maart 2012, is die volgende ampsdraers verkies:

Mev. E. Strauss (Voorsitter)
Mnr. J. Bekker (Ondervoorsitter)
Mev. K. Ekkerd (Sekretaresse) Kultuur, OOV
Mnr. D. van der Merwe (Finansies)
Mnr. M. Boshoff (Infrastruktuur)
Mnr. P. Loots (Buitemuurs)
Mnr. J. Steenkamp (Koshuise)
Mev. M. Kilian (Akademie)
Mev. A. van der Westhuizen (OOV, Bemarking)
Mnre. E de Wee en N. Carr is gekoöpteer

Die volgende K.S. en nie-K.S. opvoeders is verkies:
Me. E. Fouché
Me M. Koekemoer
Mev. A. Teessen
Mnr. J. Brynard

Vir 2013 is S.Z. Minnaar, F.J. Jansen van Rensburg en Marica Loots as leerder verteenwoordigers verkies.

Die SBL bestaan uit verskillende komitees wat elk verskeie sake hanteer. Die bekwame wyse waarop die Beheerliggaam funksioneer, dra baie by tot die gladde funksionering van die skool.

4. FINANSIES

4.1 Skool

Die finansiële komitee van die skool bestaan uit die tesourier, mnr. D. van der Merwe, mnr. W.A. Kotzé, die skoolhoof, asook me. L. Pieters (finansiële beampte) mnre. T. Engelbrecht, M.Boshoff en N. Erasmus (ouditeur), mev. E. van Zyl en mnr. N. Hanekom.

Die skoolgeld vir 2012 was R8 100 per leerder per jaar. Vir 2013 sal die skoolfonds R8800 per jaar beloop, 'n styging van 8,6%. Hierdie styging is op ’n ouervergadering van 15 November 2012 goedgekeur.

’n Vyf persent korting word toegestaan indien die volle bedrag voor einde Maart 2013 betaal word. Indien enige ouer ’n probleem ondervind met die betaling van skoolgeld moet hulle dringend met die finansiële kantoor skakel om ’n reëling te tref. Baie dankie aan die groot hoeveelheid ouers wat hulle skoolfonds getrou betaal. Ons doen dan ook ’n dringende beroep op al die ander ouers om die betaling van skoolgeld as ’n prioriteit te sien.

Skoolgeld kan soos volg betaal word:

R880 x 10 maande
R2200 x 4 kwartaalliks betaalbaar aan die begin van die kwartaal.

Bankbesonderhede vir elektroniese betalings is soos volg:

Bank : Absa Bank
Naam : Hoërskool Upington
Rekening : Tjekrekening
Rekeningnr : 2240 390 054
Takkode : 632 005
Verwysing : Kind se naam

4.2 Koshuis

Die finansiële posisie van die koshuise het bestendig gebly in 2012. Aksies soos die Kermis(vleistafel) en pannekoek bak het gehelp dat fondse beskikbaar was om die koshuise gedeeltelik op te gradeer.

Koshuisgelde word met slegs 8% verhoog na R15 200 per jaar. Koshuisgelde is streng vooruitbetaalbaar en moet elke kwartaal op die dag wat die leerder die koshuis betree, betaal word.

Kwartaal 1: R 4200
Kwartaal 2: R 4000
Kwartaal 3: R 3800
Kwartaal 4: R 3200

Die bankbesonderhede vir elektroniese betalings is soos volg:

Bank : Absa Bank
Naam : Hoërskool Upington Koshuise
Rekening : Tjekrekening
Rekeningnr : 405 663 1770
Takkode : 632 005
Verwysing : Kind se naam

Daar kan ook reëlings getref word deur met mev. Janie Walker by die finansiële kantoor te skakel oor maandelikse betalings.

5. OUER-ONDERWYSERSVERENIGING

Die Graad 12 ouers het die spyseniering van die gradeplegtigheid van die Vaaldriehoek Universiteit van Tegnologie behartig. Die res van die verkope by Atletiekbyeenkomste, Klein Interjol, GWK Rugbyfees en Sportdae is behartig deur die Graad 11-groep. Die fondse het gegaan vir die matriekafskeidfonds.

Die Graad 7-oueraand is deur die OOV behartig.

Baie dankie aan ouers, asook leerders, wat hard gewerk het ten einde ’n sukses van die fondsinsamelingspogings te maak. ‘n Komitee is reeds op die been gebring en ‘n bestuur verkies. Die voorsitter is Reana Koeglenberg, onder-voorsitter Riekie Pretorius, sekretaresse Marietjie van Zyl en tesourier Liesl Loxton. Groot positiwiteit word ervaar. Indien enige ouers betrokke wil raak by die OOV-bestuur kontak gerus Mev. Koegelenberg by selnommer 083 983 5117. Ouers sal in die nuwe jaar ingelig word oor die aktiwiteite en betrek word.

6. KULTUREEL EN VERENIGINGS

6.1 Redenaars

Gog de Jager en Annake Horn dring deur na die semi-finaal van die ATKV Redenaarskompetisie.

Deyi Cisneros dring deur na die finaal van die ATKV Redenaarskompetisie vir Tweede Taalsprekers en behaal ’n 2de plek tydens die kompetisie.

6.2 Drama

Uppies drama het weereens ‘n suksesvolle jaar agter die rug.

Die jaar het afgeskop met twee van ons leerders wat deurgedring het na die finaal van die Stad Kaapstad Toneelkompetisie. Willem Esterhuyse en Annake Horn is na Kaapstad waar Annake weer gekies is om deel te wees van ‘n professionele produksie by ‘n kunstefees.
S.Z.Minnaar en Reuben Murphy het deelgeneem aan die Calvinia Eisteddfod. S.Z het dubbel goud vir sy prosa gekry en Reuben goud.

Die juniors het weereens hulle stemme dik gemaak en die Siyanda distrik toneelkompetisie van die NKOD vir die 3de keer in ‘n ry gewen. Ongelukkig het die finaal nooit plaasgevind nie a.g.v. van omstandighede buite ons beheer.

Ons het twee toneelstukke op die planke gebring: “Die Donahue Susters” en “Rekenmeester”. Beide het baie goed gedoen by al die feeste, maar dit was Rekenmeester wat na die ATKV-Tienertoneel by Aardklop deurgedring het. Dit is die 4de keer in 5 jaar wat HU een van die 10 beste tienerproduksies in die land het.

6.3 Uppie Camerata

Die Uppie Koorfees het vanjaar plaasgevind op 13 Augustus 2012. Nege kore het aan hierdie geleentheid deelgeneem. Die aand is afgesluit met ’n massakoor optrede van ongeveer 300 lede.

Die Uppie Camerata het vanjaar aan die Wes-Boland Eisteddfod op Vredenburg gaan deelneem waartydens hulle ’n goue diploma verwerf het. Tydens hierdie uitstappie het hulle ook "Kat and the Kings" in die Fugard-teater in Kaapstad gaan kyk.

Die Camerata is ook uitgenooi om by die Nasionale Erfenisdag vieringe op te tree waar Vise-president Motlanthe die spreker was.

Optredes by Kerssangdienste sluit NG Moedergemeente en Upington-Wes Gemeente in.

6.4 Musiek

Daar het vanjaar ses leerders aan die Eisteddfod op Calvinia gaan deelneem en die volgende prestasies behaal:

Gretha van Staden: 2 silwer
SZ Minnaar: 1 goud en 1 dubbel goud
Jesmé Swartz: 2 goud

Madelein Victor: 2 brons
Marlize Erasmus: 1 brons en 1 silwer
Reuben Murphy: 2 goud

Madelein Victor, Gretha van Staden, Jesmé Swartz, Jano Lategan, Lynette Engelbrecht en Xayaan Maasdorp het ook hul onderskeie UNISA - musiekeksamens suksesvol afgelê.

6.5 Vasvra

35 leerders het deelgeneem aan die Wêreldkennis Olimpiade en redelik goed gedoen. Hulle gemiddelde punt was hoër as die landswye gemiddeld.

Ongelukkig het ons die Interjol vasvra hierdie jaar verloor, maar gelukkig is daar altyd ‘n volgende keer.

6.6 Missio Dei en Kohin

Missio Dei en Kohin het 2 kampe aangebied hierdie jaar. Tydens hierdie kampe is daar onder meer uitgereik na Kameelmond. Die Kohin ACTS Diensjaarspan het die skool besoek vir 'n jeugweek.

Die Missio Dei Stranddiensspan vertrek na Lambertsbaai op 8 Desember 2012 en reik uit tot 22 Desember 2012. Hierdie is die 10de jaar van bediening in Lambertsbaai. Die 2 jeugwerkers van KOHIN het deurlopend gewerk met leerders en 2 mini-jeugweke vir Graad 8 en 9's aangebied. Die tema was: Karakterbou.

6.7 Matrieknooikompetisie

Die Matrieknooigeleentheid van 2012 was weer van hoogstaande gehalte. Die nuwe sangsensasie, Adam, was die gaskunstenaars by vanjaar se "Uppie July".

Na ’n uitmergelende "wedren" is Janine Bombosch aangewys as Matrieknooi 2012 en word sy ook gekroon as Mej. Bene. Die 2 prinsesse was Carla Swart (1ste prinses) en Annake Horn (2de prinses). Mej. Persoonlikheid was Anschke Berends, terwyl Tanya van der Westhuizen en Chanel van der Wath die debutante was. Mej. Fotogenies was Anré la Grange en René Steenkamp het die geleentheid gekry om in 2013 Nederland toe te gaan as Au Pair.

Ons dank, weereens, aan almal wat bygedra het tot die sukses van hierdie besonderse aand.

7. ANDER AKTIWITEITE

7.1 Bestuurskomitee

Die Bestuurskomitee van 2012, onder leiding van Chanel Van der Wath en Gog de Jager, het ’n baie suksesvolle jaar agter die rug.

Die projekte waarby die bestuurskomitee betrokke was:

- Graad 8 – oriëntering
- Sokkie-Sokker Toernooi
- Omgee week
- Oscar aand
- Groot Brag
- Lentedag
- Leierskapontwikkeling met die Graad 7's
- Leierskapkamp met nuwe BK-lede

Baie geluk aan die volgende leerlinge wat gekies is vir die Bestuurskomitee vir 2013. Baie sterkte ook vir die taak wat wag.

BESTUURSKOMITEE: 2013	
SEUNS	**DOGTERS**
F.J. Jansen van Rensburg -Voorsitter Darryl de Wee - Ondervoorsitter SZ Minnaar Gerrit Wickens Roché Naudé Alvin Steenkamp Milandro Mouton Japer Wiese Marshall Tromp Julio Jantjies Louw Scholtz Zanewin Assegaai	Marica Loots - Voorsitster Sue-Ann Titus - Onder-voorsitster Elna Burger Carlin Haper Nicole de Koe Jennifer Steenkamp Lenél Oberholster Michelle Visagie Mitzico September Leandra van der Westhuizen Edwina Harmse Kristi Schalekamp Esmarie Ferreira

7.2 Geboue en terrein

Ontwikkeling van die skoolterrein geniet prioriteit. Tans is ons besig om kleedkamers en toilette agter die pawiljoen aan te bring. Hierdie projek is feitlik voltooi en gereed vir 2013.

Al die klaskamers is ook aan die binnekant uitgeverf en vertoon baie netjies. 'n Volgende projek vir 2013 is die opgradering van seuns en dogters toilette asook die oppervlakte van die stoepe.

Daar is groot waardering vir mnr. J. Brynard wat aan die hoof staan van die uitvoering van al die projekte.

8. KOSHUISE

8.1 Huis Vereniging

Die nuwe Graad 8 – leerlinge het baie gemaklik by die koshuisroetine ingeskakel en na hul konsertjie was hulle tuis.

Gedurende die jaar is verskeie ontspanningsfunksies soos sokkies by Huis Oranje en Huis Vereniging aangebied. 'n Fliekaand vir die dogters is gereël. Die Wit Bruid het weereens haar opwagting gemaak en daar is van die matrieks, tydens die tradisionele Kersete, afskeid geneem.

Die jaar is afgesluit met ons Kerssangfunksie en serenade by die onderwysers se huise.

8.2 Huis Oranje

Huis Oranje het 'n goeie jaar beleef. 'n Groot groep graad 8-kosgangers is ingeskryf en elkeen het vinnig ingeskakel en begin deelneem aan skoolaktiwiteite. Alle seuns is betrokke by sport, kultuur en ook op akademiese gebied wat weereens bewys dat kosgangers 'n sterk rol in die skool speel.

Aan al die matrones en assistente wat hard werk om alle fasette van die koshuis glad te laat verloop, wil die koshuisvaders en komitee dankie sê. Sonder hulle is die koshuis nie funksioneel nie.

9. ALGEMEEN / KULTUREEL

9.1 Afrikaans Olimpiade – Huistaal en Eerste Addisionele Taal

9.1.1 Junior Afrikaans Olimpiade: Huistaal

Gretha van Staden, Janhé Goussard en Zaskia Pain presteer deur onder die provinsie se Top 20 te eindig. Gretha is ook onder die Top 100 in die land.

9.1.2 Junior Afrikaans Olimpiade: Eerste Addisionele Taal

Kristin Husselmann haal die Top 20 in die Noord-Kaap in hierdie afdeling.

9.2 Senior Afrikaans Olimpiade: Huistaal

In dié afdeling het Annake Horn 'n eerste plek in die provinsie behaal.

9.2 Afrikaans Ekspo

Hoërskool Upington behaal besonderse uitslae in die nasionale beoordeling:

Goud: Laetitia Strauss(2), Willem Esterhuyse, Natasha Janse van Rensburg

Silwer: Willem Esterhuyse(3), S.Z. Minnaar(2), Natasha Janse van Rensburg, Sageerah Muller, Sue-Ellen Pretorius

Brons: Laetitia Strauss(6), Willem Esterhuyse(2), S.Z. Minnaar, Zoë Wells, Reuben Murphy, Kristie Schalekamp, Natasha Janse van Rensburg, Shavonne de la Fontaine

9.3 Kuierfees Kunskafee

Uppies was ook vanjaar weer deel van die Kalahari Kuierfees. Dennis Hoft en die *U-Gleeks* het by die geleentheid deelgeneem.

9.4 ATKV Jeugtak - 2012

Die tak het die eerste Uppies Rumoer Talentkompetisie aangebied en dit was ’n groot sukses.

Tydens die jaarlikse Brugbou-kompetisie, het 20 spanne ingeskryf en ons drie wenspanne het onderskeidelik 2de, 4de en 6de geëindig by die plaaslike kompetisie aangebied deur SAICE.

Die Sonbesie is ook weer deur die tak uitgegee om sodoende skoolnuus neer te pen.

9.5 Ekspo vir Jong Wetenskaplikes

HU het vier projekte ingeskryf vir die Eskom Ekspo vir Jong Wetenskaplikes. Marica Loots verower goud vir haar "Vrolik op jou oudag". René Steenkamp en Gretha van Staden ontvang silwer en Jacquené Minnaar ontvang brons.

10. SPORT: SKOOL

Hoërskool Upington se pragtige prestasies op sportgebied kan hoofsaaklik toegeskryf word aan toegewyde leerlinge en gemotiveerde afrigters.

10.1 Atletiek

Atletiek het vanjaar weer mooi hoogtes bereik. Tydens die Diamantveld Top 20-byeenkoms het ons atlete baie goed gevaar en 8 medaljes teruggebring. Benewens sy 2 individuele goue medaljes, het Joe-Lythen Willemse en sy span ook silwer gekry vir die seuns O/15 aflos. Joe-Lythen het ook die toekenning gekry vir beste O/15 baanatleet van die dag.

Joe-Lythen en Elrieta Crous het ook beide aan die SA Junior Kampioenskappe deelgeneem. Hulle is ook gekies vir die Youth Olympic Span.

Tydens die kleure atletiek is die volgende toekennings gemaak:
Junior Victor Ludorum: Eben Nieuwoudt
Junior Victrix Ludorum: Suezette Steenkamp
Senior Victor Ludorum: Christo Engelbrecht
Senior Victrix Ludorum: Esmarie Ferreira

10.2 Hokkie

2012 was ’n besige hokkiejaar. Die seuns- en dogterspanne het heelparty wedstryde gespeel. Aan alle afrigters ’n groot dankie vir baie harde werk en toewyding. Aan alle borge en belangstellendes in hierdie sport, ons opregte dank en waardering.

10.2.1 Seunshokkie

Ruben Nel en Christelle Strauss het onderskeidelik die eerste en tweede span afgerig.

Ons is baie trots op Chris-Johan Engelbrecht wat sy 100 wedstryde behaal het net voor Interjol; voorwaar ’n besonderse prestasie in ’n provinsie waar relatief min skole seunshokkie speel. Op die Kaapse toer (baie dankie aan Mev. Amanda Kuys wat die bussie bestuur het en as spanbestuurder opgetree het) is hy as doelwagter van die toernooi aangewys.

Die tweede seunshokkie het baie goed gevaar deur die seisoen en dan ook hul Interjol wedstryd gewen.

Migael Loots word gekies vir die O/18 Noord-Kaap span wat gedurende die Junie vakansie aan die nasionale toernooi in Bloemfontein deelgeneem het.

’n Besondere woord van dank aan entoesiastiese ouers wat hard gewerk het om fondse in te samel wat dit makliker gemaak het om meer blootstelling aan ons spelers te gee gedurende die 2012 seisoen.

10.2.2 Dogtershokkie

Dogtershokkie het ’n baie besige jaar gehad deurdat hulle baie blootstelling gekry het met die hoeveelheid wedstryde wat hulle gespeel het.

Die Kaapse toer het gedien as ’n goeie vertrekpunt vir ’n relatief jong span. Ons toerspan kry dan ook die toekenning vir "Beste Vordering" in die toernooi. Veronique Vorster is aangewys as lid van die O/16 kursusspan. Veronique word dan ook later gekies vir die O/16 Noord-Kaap span wat gedurende die Junie-vakansie aan die Nasionale toernooi, in Bloemfontein, deelgeneem.

Groot dankbaarheid word uitgespreek teenoor ons ouers, borge en ondersteuners wat ons gedurende die jaar lojaal bygestaan het.

’n Spesiale woord van dank aan Jannie van den Heever wat hierdie groep dogters afrig.

10.3 Krieket

Uppies Krieket het vanjaar vir mnr. Ernest Beukes as afrigter en speler vir die dorpspan verwelkom. Saam met mnr. Johannes du Plessis vorm hulle ’n gedugte afrigtingspan wat die Uppies touwys maak.

Hoogtepunte van die seisoen was ’n baie suksesvolle krieketfees en onoorwonne status in die 50 boulbeurte dorpsliga asook die 25 boulbeurte O/15 en O/19 skole ligas, waar mooi oorwinnings oor Duineveld behaal is.

Verder het ons seuns baie mooi presteer deur in die onderskeie Griekwa - en Griekwa Platteland spanne opgeneem te word. Franco Swart het ’n baie goeie prestasie behaal

deurdat hy opgeneem is in die Griekwa O/18A-span, wat aan die Kaya Majola krieketweek gaan deelneem. Dit is die eerste keer in 'n baie lang tyd dat een van HU se leerders hierdie prestasie behaal het. André Share het ook mooi presteer deur in die O/15A-span opgeneem te word.

Die volgende spelers is vir die O/15 en O/17 Platteland spanne gekies:

O/15
Jaco Zietsman
Schaquille Cloete
William Briekwa
Johan van der Ryst
Marcel van der Westhuizen

O/17
Gert Rupping
P.J. Smith
AJ Qumza

Uppies se eerste krieketspan gaan van 9 - 13 Januarie 2013 aan die Union High Krieketfees te Graaff-Reinet deelneem. Ons wens hulle alle voorspoed toe.

10.4 Netbal

Dit was 'n besondere goeie jaar vir Hoërskool Upington se netbal. Ons O/14 A-span het 3de in die Noord-Kaap geëindig en beide die O/15A en O/17A 1ste in die Noord-Kaap. Die O/15's en O/17's het op die Nasionale byeenkoms ook beide onder die Top 20 skole in die land geëindig.

Ons meisies het ook uitstekend presteer deurdat 15 van ons dogters in die onderskeie Noord-Kaap spanne gekies is.

Die Netbaldogters het 'n baie geslaagde seisoen agter die rug. Die O/17-span neem vanaf 9 - 15 Desember 2012 aan die Youth Olympics by Tukkies in Pretoria deel.

Groot Interjol wedstryde het plaasgevind ten spyte van die spanne wat dieselfde naweek aan die Nasionale byeenkoms deelgeneem het. 4 Wedstryd is gespeel waarvan ons 3 gewen het.

Baie dankie aan al ons borge, veral URB, 'n opregte dankie vir hul ondersteuning en bydrae. Aan elke ouer wat gehelp het met fondsinsamelings deur die jaar. Ons waardeer julle.

10.5 Rugby

Die Rugbyseisoen het vanjaar met 'n baie suksesvolle en sinvolle Uppies Rugby Kliniek afgeskop. Uppies se eie afrigters was die aanbieders en het almal weereens verstom met hul kennis van dié spel.

Uppies het weer op Vryburg gaan kuier en met gemengde welslae teruggekeer. Dit was die eerste keer dat die junior spanne ook deelgeneem het en baie goed gedoen het.

Die O/19A's het ook in April na die jaarlikse Potch Rugby Skouspel toe gegaan en die O/14's en O/15's het Outeniqua se Rugbyweek bygewoon.

21 April 2012 was ’n hoogtepunt in die jaarprogram toe Uppies Eerstes in ’n naelbytstryd 12 - 10 teen Duineveld Klein Interjol gewen het.

Hoërskool Noord-Kaap het die 12de Mei 2012 vir harde wedstryde gesorg. Uppies het goed gekompeteer teen hierdie sterk rugbyskool.

19 Mei het Vryburg/Sweizer-Reyneke Upington besoek en al Uppies se rugby het goed gevaar.

’n Groot aantal van Hoërskool Upington se spelers is in die Griekwa Platteland provinsiale spanne opgeneem. Daar was ’n Uppie-verteenwoordiger in elke provinsiale span.

Drie van Uppies se afrigters was ook gekies om betrokke te wees by provinsiale spanne. Mnr. J. Swanepoel by die Valke, mnr. Slabbert by die O/18 Akademie span en mnr. J. van der Ryst by die Cravenweek span.

Elf Uppies het die **Cravenweek span** gehaal. Hulle is: Johan Barnard, Martin Gerber, Adriaan Uys, Innocent Ngatajosi, Sergio Jones, Jasper Wiese, Jonathan Steenkamp, Zanewin Assegaai, Darryl de Wee, Shandré Prince, Shaun Craus.

Die volgende seuns is vir ander spanne gekies:

Akademie-week: Timmy Allies, Thapelo Masenge

Pukke-week: Henro Hanekom, Jaco Kuhn, Richard Swart, Tiaan Meyer, Adri Viviers, . D.J Dry

Grant Khomo week: Sergio Boer, Christo Engelbrecht, Henry Wickens

Valke week: Willem Koegelenberg, Cobus Wiese, Eben Nieuwoudt, Dillon Magerman, A.J. Qumza, Jodean Klaasens, Gert Nel

Daar word alreeds aan die 2013 O/19 oefengroep gewerk deur hulle afrigters. Mnre. Janse van der Ryst, J. Truter, T. Webb en A. van der Heever werk met die groep. Die O/16's word deur mnre. Kotzé en J. Slabbert afgerig.

Ons glo dat 2013 ’n baie opwindende Rugbyjaar gaan wees.

Uppies-Rugby wil graag alle borge, donateurs, afrigters en ondersteuners bedank vir hul lojaliteit en bydraes tydens die 2012 seisoen.

10.6 Skaak

Ons het vanjaar ’n Noord-Kaap Skaak kwalifiserende toernooi aangebied in die eerste kwartaal. Daar was ’n goeie opkoms van jong spelertjies wat as bemarkingsgeleentheid vir Uppies gedien het.

Ons kon nie daarin slaag om die Interjolbeker huis toe te bring nie, maar is trots op die tweede span wat wel gewen het.

10.7 Tennis

Uppies se tennis het ‘n baie bedrywige en suksesvolle jaar agter die rug. Ons spog met nuwe tennisklere danksy ‘n groot borg van Macroplan.

Die volgende leerders het die Noord-Kaap spanne by verskeie toernooie verteenwoordig en so hul provinsiale klere verwerf:

Loupie Nieuwoudt, Koos Strauss, Franco Swart, Gawie Carr, Elzette van der Merwe, Salomé Hanekom en Esmarie Ferreira.

Uppies se seunspan word ook gekroon as die beste span in Sentraal Suid-Afrika nadat hulle die Volvo-uitdaagtoernooi in Kimberley oortuigend gewen het.

Die volgende spelers is ook opgeneem in die “High Performance Squad” wat tydens die Albert Luthuli Games in September gekies is en hulle sal in aanmerking kom om in 2013 aan die Youth Olympics te gaan deelneem:

Loupie Nieuwoudt, Gert Rupping, Esmarie Ferreira en Salomé Hanekom.

Baie sterkte aan al ons tennispelers wat vanaf 30 November deelneem aan die Siyanda tennisproewe.

10.8 Rotariërs / Engen Ysterspankompetisie [Upington Extreme Ysterspan]

Die jaarlikse Rotariërs/Engen Ysterspankompetisie het weer vanjaar plaasgevind. Pick ’n Pay het 5 spanne geborg en mnr. Maans Boshoff het ook een van ons spanne geborg. ’n Totaal van 10 Uppie-spanne het deelgeneem.

Twee van ons spanne het in die Top 3 plekke geëindig. Die ander spanne het goed gevaar deur in die Top 12 te eindig.

Ons is trots op ons atlete en onderwyserspan.

11. SPORT: BUITESPORT

Hoërskool Upington se leerders lewer ook uitstekende prestasies in sportsoorte wat nie deur die skool aangebied word nie:

11.1 Ruiterkuns

Janine Bombosch en Elrieta Crous is albei vir die Junior Protea-span gekies wat internasionaal gaan deelneem het. ’n Verdere eer het Janine te beurt geval deurdat sy as kaptein van die Junior Protea 5 - gangspan aangewys is.

Maralé Hoft is vir die Griekwa Ruiterkuns-span gekies.

11.2 Tweekamp

Jandré Steenkamp, Derik Steenkamp en Suezette Steenkamp is opgeneem in die Noordwes-Kaap Tweekampspan. Hierdie drie atlete het ook gekwalifiseer om aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe deel te neem.

11.3 Swem

Derik Steenkamp, Jandré Steenkamp en Suezette Steenkamp is almal opgeneem in die Noord-Kaap swemspan wat deelgeneem het aan die 4 + 1 Interprovinsiale Gala wat op 28 Januarie 2012 in Rustenburg gehou is.

Suezette is aangewys as die Junior Victrix Ludorum tydens die Noord-Kaap Swem Kampioenskappe.

Baie geluk met die leerders se pragtige prestasies.

12. OUD-UPPIE BOND

Die stigting van ‘n Oud-Uppie Bond is een van ons doelwitte vir 2013. Daar is reeds ‘n interim komitee gekies wat besig is om die grondwet van die Bond saam te stel.

Vroeg in volgende jaar sal alle oud-skoliere in kennis gestel word van ‘n algemene vergadering waarop die grondwet goedgekeur moet word en ons amptelik die Bond tot stand bring.

13. ALGEMEEN

Hoërskool Upington is met reg trots op die pragtige prestasies wat sy leerlinge op sport- en ander gebiede behaal het. Dit was slegs haalbaar as gevolg van die entoesiasme en die ywer waarmee die leerlinge en hul afrigters hulle onderskeie sportsoorte en ander aktiwiteite aangepak het. Ook die ondersteuning van ons ouerkorps kan nie gering geskat word nie. ’n Groot dankie aan alle borge vir hulle bydraes die afgelope jaar.

14. BEDANKINGS

Die volgende persone en instansies word baie hartlik bedank vir die bydraes wat gelewer is om van Hoërskool Upington die skool te maak wat dit is:

- Alle leerlinge wat van hierdie skool ‘n besondere skool maak, asook vir hulle samewerking en lojaliteit teenoor die skool.

- Die Bestuurskomitee van die Verteenwoordigende Raad van Leerlinge onder leiding van Chanel van der Wath en Gog de Jager vir die leiding wat hulle aan die bestuurskomitee en ons leerlinge gegee het en vir die besonder goeie voorbeeld wat hulle te alle tye gestel het.

- Die waarnemende adjunkhoof, mnr. D. Fourie, asook die bestuurspan vir hulle bydrae om die organisasie van die skool vlot te laat verloop.

- Alle ander personeellede vir hulle harde werk en lojaliteit teenoor die skool.

- Die sekretaresses vir die groot taak wat hulle verrig.

- Die terreinpersoneel onder leiding van mnr. J. Brynard vir die netjiese geboue en terrein.

- Die ouergemeenskap vir hulle belangstelling en groot betrokkenheid by die skool.

- Ouers en belangstellendes wat op 'n gereelde basis by die skool behulpsaam is met die afrigting van sportspanne en kultuur aktiwiteite en vir die vervoer van leerlinge.

- Die omliggende skole vir hulle samewerking.

- Die superintendente en die personeellede van die twee koshuise wat ons koshuisleerlinge se belange op die hart dra.

- Die Beheerliggaam met sy verskillende komitees, met spesiale vermelding van die Koshuiskomitee en die Ouer-Onderwysersvereniging vir die groot werk wat hulle doen.

- Alle leraars vir die geestelike werk wat onder ons leerlinge gedoen word, in die besonder vir ds. L. Louw vir al sy werk onder al ons leerders.

- Francois le Roux en Tommy Olivier van KOHIN vir die reuse werk wat hulle onder ons leerders verrig. Ons dank ook aan FAMSA vir hulle werk by die skool.

- Die Streekkantoor van die Noord-Kaap Onderwysdepartement vir die diens wat hulle aan die skool lewer met spesiale verwysing na die kringbestuurder, mev. M. van Wyk, vir haar gewaardeerde hulp en die professionele wyse waarop sy leiding aan die skool verskaf.

- Die sakegemeenskap van Upington vir borgskappe, finansiële bydraes en vir hulle ondersteuning aan die skool.

- Laastens, 'n baie groot dankie aan ons Hemelse Vader dat Hy ons weer hierdie jaar gelei het en vir al die seën wat ons ontvang het.

W. A. KOTZÉ **2012 – 12 – 07**
SKOOLHOOF **DATUM**